

Maandag 1 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 9 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 9:10-11

Besing die Here wat sy kinders nooit verlaat nie!

Met hierdie uitbundige loflied loof Dawid die Here vir verlossing uit besonder benarde omstandighede. Van oraloor het Dawid se vyande op hom toegeslaan, het hulle die bestaan van die volk bedreig. Met bedrog en leuens het hierdie vyande probeer om 'n strik voor hom te span om hom tot 'n val te bring.

Maar dan vlug Dawid na die Here, die rotsvesting van die gelowige. Dié woord kan ook verstaan word as “toring” of “toevlug”, of hoë plek. Hy span 'n pragtige beeld in om 'n kragtige punt te onderstreep: wanneer iemand vlug om uit die kloue van 'n vyand te kom, bereik hy veiligheid wanneer hy op 'n hoë plek, 'n versterkte fort of skans versteek word. Dit is ondeurdringbaar, sodat die vyand nie naby kan kom nie. Só is die gelowige by God, veilig en onaantasbaar.

En daarom kan Dawid nie anders as om met sy hele hart, sy hele wese, die Here vir hierdie verlossing te loof nie. Die vyand se ondergang word omvattend beskryf: hulle wyk agteruit, hulle struikel en kom om voor die aangesig van die Here. Hulle kan nie standhou voor die almag van die Here nie.

Dit is hierdie sekerheid van God se beslissende verlossing in die verlede wat Dawid tot die gevolgtrekking laat kom dat die gelowige wat op God vertrou, en Hom soek, nie teleurgestel sal word nie: God sal hulle nie verlaat nie. Ja, al kom daar verdere bedreigings van vyande, die Regter van alle dinge oordeel gunstig oor sy kinders.

Die Psalm vind sy wonderlike vervulling op 'n hoogte buite Jerusalem, waar Christus die finale vyand van God en sy kinders klinkklaar verslaan. Hy is die ware toevlug en rotsvesting waarna ons in tye van nood kan vlug. Ja, in Christus is ons nooit van God verlate nie!

Sing: Psalm 9-1:6, 8

Ds. JL Lee (Jan-Louis) (Brits)